Jou Christus-familie se nuusdiens met nuus vir diens ~ www.ngcaledon.co.za

Program vir die vakansie:

Sondag	13 Des	09:00	Erediens gelei deur Ds. Awie Brand
Sondag	20 Des	09:00	Erediens gelei deur Ds Marinus Theron
Vrydag	25 Des	09:00	Kersdiens gelei deur Ds. Jannie Hougaard
Sondag	27 Des	09:00	Erediens gelei deur Emri Bekker
Donderdag	31 Des	19:00	Oujaarsdiens gelei deur Emri Bekker
Sondag	3 Jan	09:00	Erediens gelei deur Emri Bekker
Sondag	10 Jan	09:00	Erediens gelei deur Ds. Guy Roberts
Sondag	17 Jan	09:00	Erediens gelei deur Ds. Dewald du Toit
Sondag	24 Jan	09:00	Erediens gelei deur Ds. Marinus Theron (Kategese-opening)
Sondag	31 Jan	09:30	Erediens gelei deur Ds Dewald du Toit

WAT IS ADVENT

Advent is die vier Sondae voor Kersfees. Die woord **ADVENT** is afgelei van die Latynse woord "*adventus*" wat "koms" beteken.

Dit is die tyd voor Kersfees waarin ons onsself herinner aan die beloftes van God oor Jesus wat sou kom, maar ook 'n tyd van verwagting van Jesus wat weer terug sal kom aarde toe.

Advent fokus op die feit dat ons tussen die tye van Christus se eerste koms en Sy wederkoms leef en dit behoort ons leefwyse te bepaal. Dit is 'n tyd van afwagting en verwagting, maar ook 'n tyd om aktief God se liefde in die wêreld uit te leef.

Die vier Sondae voor Kersfees word gewoonlik met 'n Adventskrans gevier waar daar 4 kerse is, en elke Sondag het 'n tema, nl:

HOOP, VREDE, VREUGDE EN LIEFDE

Kersdag vorm die hoogtepunt en afsluiting van Advent. Op daardie dag steek ons 'n wit kers aan wat in die middel van die Adventskrans is om ons te herinner dat Jesus, die Lig vir die wêreld, is nou en vir altyd by ons en die wete dring ons om self ook ons lig in die wêreld te laat skyn.

Baie geluk aan almal wat gedurende die vakansie verjaar!

Voorbidding

- *Jacques Crocker (De Kuil)*
- *SF Conradie (Heidehof)*
- *Bennie Griesel (Upington) met die afsterf van sy broer*
- *Aan almal wat die vakansie weggaan, bid ons 'n veilige reis toe*

Die Almanakke vir 2021 is beskikbaar

by die kerkraadslede

Neem kennis

- Ds Dewald gaan met verlof vanaf 14 Des tot 10 Jan
- Ds Marinus gaan met verlof vanaf 23 Des tot 17 Jan
- Kerkkantoor sal gesluit wees vanaf 24 Des tot 4 Jan
- Emri Bekker sal instaan as aflos-leraar vanaf 21 Des tot 3 Jan 2021. Kontak haar vir noodgevalle by 081 428 1471
- Die volgende Diensnuus verskyn op 15 Jan 2021
- Daar sal geen nuwe YouTube Videos beskikbaar wees tot verdere kennisgewing
- Besoek gerus ons webwerf vir vorige YouTube preke

Algemeen

Deuroffers:

Deuroffers tydens Grendeltyd was beperk. Ons Kerkraad het besluit dat ons na die beste van ons vermoeë steeds ons verpligtinge teenoor die organisasies op ons deurofferlyste wil nakom. In die lig hiervan gaan ons fondse beskikbaar stel om die betrokke instansies te ondersteun. Ons wil ook grag ons gemeente die kans gun om ’n bydrae te maak aan instansies wat gedurende die grendeltyd nie hul broodnodige deuroffers kon ontvang het nie. U is welkom om ‘n koevertjie in die mandjie te gooi of na die kerkkantoor te neem. Vir elektroniese oorbetalings, gebruik asb “deuroffer” as verwysing.

Boeke beskikbaar by die kerkkantoor:

- Uit die Beek 2021 @ R215
- Bybel (swart hardeband 2020 vertaling) @ R130 elk
- Die Bybels met die bruin leeromslag is tans uit voorrad

Tyd van erediens:

Neem asb kennis dat ons eredienste om 09:00 begin.

Kospakkies:

Ons kospakkie-projek gaan steeds voort. Die nood in ons gemeenskap is baie groot. Kom ons sê dankie vir ons oorvloed, deur te gee vir ander. (Kospakkies kan by die kerkkantoor afgegee word)

Styging in Covid-getalle:

Na aanleiding van die onlangse stygings in die Covid-syfers wil ons u graag aanmoedig om veilig te wees en Covid-maatreëls na te kom.

Snap here to pay

SnapScan

Kerkkantoor: 028 212 1202 ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor Whatsapp nommer: 072 807 3192

Ds. Marinus:028 212 2293 marinustheron@telkomsa.net

Ds. Dewald: 028 212 1332 dutoitdewald@yahoo.com

Webblad: www.ngcaledon.co.za.

Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,

NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229 Takkode: 183509